



*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
oktober 2022

*Ruwe skilderbord* - Lensopening: f4; Sluiterstøp: 1/125 sekunde; Fokale lengte: 28 mm

Die natuur is wonderlik – soos ons voorbladfoto wys. Die titel vertel die verhaal: die besondere tekstuur en mooi kleur van die rotse.

Tekstuur (“ruwe”) en kleur (“skilderbord”) is maar twee aspekte van komposisie – een van die belangrikste afdelings van baie kunsvorms; en juis ook van fotografie. Dit is dan gereeld ook een van die eerste onderwerpe wat ons in ons fotografie-kursusse bespreek. Ons wil in hierdie uitgawe meer gesels oor tekstuur in fotografie.

Omdat Suid-Afrika baie rofweg vergelyk kan word met 'n onderstebo piering (kusgebied, platorand en hoëveld), is ons geseënd met baie bergreekse en -passe. Die foto is geneem by die noordelike beginpunt van die Swartbergpas tussen Prins Albert en Oudtshoorn.

Geniet hierdie uitgawe: Gaan op reis na die mooi passe van ons land. Bekyk die wêreld rondom jou met 'n teksturoog.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?  
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou  
die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings  
uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van  
Towerlantern self nie.*

*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Bestudeer die tegniese besonderhede van die voorbladfoto en let op die volgende sake:


- Die baie wye hoek (28 mm) omdat die rotse in die smal bergkloof aan die begin van die Swartbergpas relatief na aan die kamera is.
- Die groot lensopening (f4) (eerder as 'n klein lensopening) omdat die onderwerp ver genoeg en "plat" genoeg is vir 'n vlak velddiepte.
- Die vinnige sluiterspoeë (1/125 sekonde) om die korrekte beligting-instelling te kry.

As berglandskappe een van jou fotoliefdes is, doen dan doelbewus moeite om sommige van die bergpasse in Suid-Afrika te besoek. Veral miskien ook dié op agterpaaie, ongeteerd, soos die Swartbergpas oor die Swartberge. Daar is ongelukkig ook probleme wat jy as fotograaf mag ervaar: Jy is die motorbestuurder en sit vas agter die stuurwiel; jy wil stadig ry om mooi tonele te fotografeer, maar ongeduldige motoriste wil by jou verbyjaag; dikwels is daar geen plek om te stop nie, of dit is te gevaarlik om te stop.

Hoe ook al, laat hierdie voorbladfoto jou inspireer om vir die res van jou fotografie-lewe besoeke aan bergpasse hoog op jou besoeklys te hê.



*Rooibergpas tussen Calitzdorp en Van Wyksdorp*



## UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022  
- 15 jaar oud -

Fotografe is dikwels so begeesterd met hul stokperdjie, dat hulle voortdurend soek na nuwe foto-geleenthede – daarom het Towerlantern aan die begin van 2019 met 'n derdevlak fotografeiekursus begin. Dit is getiteld "Spesialiskursus".



Van die begin af het die kursus bestaan uit teoretiese en praktiese besprekings, met groot klem op die praktiese uitvoering van opdragte. Die bedoeling is verder omskryf as 'n "geleentheid om te spesialiseer in drie spesifieke fotograferigtings". Aan die begin was die temas landskapfotografie, mensfotografie en impres-

sionistiese fotografie. Later is stillewe- en nabyfotografie ook nog bygevoeg. Soos die voorafgaande twee kursusse is hierdie kursus ook ontwerp as 'n aanlynkursus. Die foto hierby toon die voorblad van die stillewe-aanlynaanbieding.

Oktober 2022

*Towerlantern*  
LESERSGESKENK



Om Towerlantern se 15-jarige bestaansjaar te herdenk, gee ons gedurende Oktober die geleentheid aan 6 lesers van Fotografienuus om teen 'n 20% afslag ons eerstevlak selfoonkamera-kursus (aanlyn) te doen. Die prys is normaalweg R500 per persoon. Jy kan dit dus gedurende Oktober kry teen R400.

Stuur 'n e-pos aan ons by [joan@towerlantern.co.za](mailto:joan@towerlantern.co.za) vir volledige inligting. In die kursus kan jy verwag om meer te wete te kom oor die werking van jou selfoonkamera en ook om meer te leer oor komposisie by foto's. Ons help jou graag met jou selfoonkamera.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

# TOWERLANTERN FOTOGRAFIE *vier fees*

Towerlantern Fotografie vier gedurende die komende Desember sy 15-jarige verjaarsdag. Neem nou al kennis daarvan. As deel van hierdie saak wil ons fotografe die geleentheid gee om in die Desember-uitgawe van Fotografienuus van hul beste foto's te publiseer.

Ons nooi jou nou reeds uit om 5 van jou beste foto's in te stuur. Ons sal 1 of 2 daaruit kies en jou in kennis stel. Daar sal geen onkoste wees nie. Die foto's kan van enige genre of tyd wees. As dit mensfoto's is, moet jy net vooraf sorg vir toestemming dat dit geplaas mag word.

Die saak is nie 'n kompetisie-geleentheid nie. Maar besef wel dat daar 'n perk op die aantal fotografe gestel sal word. Vir 'n begin stel ons dit op 15 fotografe. Dankie vir diegene wat reeds laat weet het hulle stel belang.

Ons hoor graag van jou.

---

WAT IS  
*teksturfotografie?*

---

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

---

# WAT IS teksturfotografie?

---

Die vinnige antwoord op die vraag “Wat is teksturfotografie?” is seker om te sê “om tekstuur te fotografeer”.

Natuurlik is dit 'n sinnelose antwoord. Die vraag is eintlik: “Wat is tekstuur?”, en hierop wil ons 'n sinvolle antwoord gee. Ons doen dit puntsgewys:

- ✓ Tekstuur is een van die belangrike **kunselemente** wat onder die titel “komposisie” gegroepeer word. Ander belangrike elemente is vorm, lyne, leidende lyne en kleur, om maar 'n paar te noem. Komposisie kom oor baie jare en is reeds deur skilders van vroeëre eeue benut.
- ✓ Tekstuur beskryf hoe iets **voel**. Voorbeelde van tekstuur is glad, grof, sag en hard.
- ✓ Daar is baie vorms van tekstuur; die hoof-

vorms kan saamgevat word as “werklik” en as “visueel”.

- **Werklike tekstuur** (tasbare tekstuur) is driedimensioneel en word deur die oog waargeneem en word ook gevoel.
- **Visuele tekstuur** is tweedimensioneel en word slegs deur die oog waargeneem.
- ✓ Wat fotografie betref, is alle vorms van tekstuur slegs **tweedimensioneel**, al het jy selfs 'n driedimensionele toneel gefotografeer. Dit kan dus slegs gesien word. Vir die fotograaf is dit dus belangrik om ook gevoel uit te beeld en as't ware jou foto driedimensioneel te laat vertoon.
- ✓ **Kleur** speel dikwels 'n rol by tekstuur, soos die foto op die vorige bladsy wys.

Bron: <https://af.wikipedia.org/wiki/Kunselemente#Tekstuur>



# RIGLYNE

# VIR TEKSTUURFOTOGRAFIE

## KAMERA-INSTELLING:

Soos baie ander foto-genres is tekstuurfotografie baie wyd. Ons beskryf hier hoe om 'n land- of bergskap (soos die voorbladfoto) met tekstuur te kry. Ons neem aan jy het 'n helder, sonnige toneel met mooi tekstuur. Gebruik 'n driepoot.

## TIPE LENS

'n Wyehoëklens, byvoorbeeld 18-55 mm, kan sinvol gebruik word.

## FORMAAT

Landskapformaat sou die eerste keuse wees, maar portretformaat kan soms dalk ook van pas wees.

## ISO

Aangesien dit 'n helder, sonnige toneel is, kan volstaan word met die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100. Dis nie nodig om dit verder te verstel nie.

## WITBALANS

Kies "sonnig" vir die sonnige toneel. Pas andersins aan.

## FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Onthou komposisie-afsprake en fokus op 'n sinvolle item en posisie as trefpunt.

## LENSOPENING


Enige lensopening-grootte is geskik omdat die toneel ver is en redelik "plat" is. 'n Groot lensopening verseker wel 'n vinnige sluiterspoed.

## SLUITERSPOED

Stel die sluiterspoed met behulp van die liniaal om 'n geskikte stelling te kry.


## FYN FOKUSSERING

Kontroleer die fokussering en pas aan indien nodig.



# ONS STERREHEMEL IN FOKUS

*Teleskope*



Ons het verlede maand in hierdie rubriek gesels oor die mees gevorderde moderne teleskoop, naamlik die James Webb-ruimteteleskoop. Ons het ook 'n foto vertoon wat met behulp van hierdie teleskoop geneem is.

Daarteenoor ontstaan die vraag wanneer die eerste teleskoop ontdek / ontwikkel is. Dit is 'n saak wat nie net van belang is vir sterrekundiges nie, maar ook vir alle fotografawe.

Teen die vroeë 1600s is daar in Nederland begin eksperimenteer met lense wat kan vergroot. Baie gou, en wel in 1609, het die een groot wetenskaplike van daardie tyd, Galileo Galilei, daarvan te hore

gekom en sy eie teleskoop gebou. Hy het baie gou verskeie waarnemings en ontdekkings begin doen. Die belangrikste van dié waarnemings was egter die ontdekking van die vier helderste mane van die planeet Jupiter (met moderne name Io, Europa, Ganymede en Callisto, soos in die foto hierby afgebeeld).

Die belang van hierdie teleskopiese ontdekking was aardskuddend (figuurlik en letterlik). Volgende maand gesels ons hieroor en ook oor ander teleskopiese waarnemings waardeur wetenskaplike kennis verbreed is.


<https://shortest.link/4xOX>  
<https://shortest.link/4xO9>




# OP INTERNET GESIEN

Hoe moet dit wees om 'n bekende persoon – iemand soos koningin Elizabeth II – af te neem? In die webartikel wat hier onder genoem word, vertel 5 fotograwe staaltjies oor die dag toe hulle haar afgeneem het. Die foto hierby is geneem deur Brian Aris. Jy het waarskynlik nog nooit so 'n foto van koningin Elizabeth II gesien nie! Trouens, sou jy haar selfs herken het? Al sou jy nie in hierdie saak belangstel nie, gaan lees gerus wel Aris se belewenis.

Bron: <https://shortest.link/4xNv> 



Gaan sit 'n bietjie op die gras in jou tuin en kyk na die klein dingetjies rondom jou. In die klein wêreld om jou is daar klomp interessantheide en makrofotografie-geleenthede. Hierdie spring-spinnekoppie met 'n waterdruppel op sy kop, is afgeneem deur David Narváez. Kyk hoe mooi wys die blom in die druppel!

Bron: <https://shortest.link/4L5b> 



# MENING GEVRA:

---

## Mensfotografie

Die mening wat ons hier vra sluit aan by die vorige twee maande se gesprekke in hierdie rubriek oor mensfotografie. Dit gaan hier wel meer spesifiek oor modelfotografie (dames en mans, formeel of informeel), boudoir- en dudeoir-foto's. In 'n wyer verband is dit natuurlik ook duidelik dat sake soos parfuum, grimeermiddels, ensovoorts, vir dames en naskeerwater, ensovoorts, vir mans ter sprake kom. Dit bring die fotograaf dus ook op die terrein van produkfotografie.

Dit gebeur soms dat iemand Towerlantern nader vir die neem van mensfoto's, en ons wil graag begin met die saamstel van 'n besigheidslus met besonderhede van fotograawe wat daarvoor sou kans sien. Ons vra dus dat jy besonderhede sal stuur – jy hoef nie skaam of skugter te wees nie. Dit is 'n gratis diens wat ons wil lewer.

Elders in hierdie uitgawe van Fotografienuus verskyn 'n promosieartikel van JannyDjan Akademie van Potchefstroom. Lees gerus meer oor hierdie firma. Hulle is in die besonder op soek na fotograawe, op verskillende vlakke. Hulle kan ook direk gekontak word.

# NUUS


*vanaf  
Towerlantern*

## 2022 se foto-uitstalling

Ons is baie dankbaar om te sê dat 2022 se foto-uitstalling baie goed afgeëls het. Dit is ons eerste volwaardige uitstalling na Covid-19. Dit is goed ontvang en waardeer deur sowel fotografe as nie-fotografe.

Die uitstalling het uit twee bene bestaan, naamlik 'n plaaslike uitstalling in Potchefstroom in die bekende Snowflakegebou (dié gebou, en met sy koffiewinkel, is op sy eie self ook 'n besoek werd) en ook 'n aanlynuitstalling. Laasgenoemde bevat al die foto's wat in Potchefstroom uitgestal is, sowel as nog ander fotografe wie se werk slegs aanlyn uitgestal word. Hierdie uitstalling is by die volgende adres te besigtig: <https://youtu.be/qg0dRDOqYg8>

Ons sê baie geluk aan Veronica Heersink wie se foto, *Sononder-simfonie*, sommer al tydens die uitstalling verkoop is.



Kyk by die volgende skakels na  
2020 en 2021 se uitstallings:

- 2020: <https://youtu.be/mfCJWGmFlpA>
- 2021: <https://youtu.be/tD67EVYZCzg>

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

**GAAN OP REIS**

*saam met Towerlantern*



Meiringspoort



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Hierdie maand se reis is in Suid-Afrika – dis immers goedkoper as om oorsee te reis.

Ons het reeds daarna verwys dat Suid-Afrika in die wonderlike bevoorregte posisie is om baie passe te hê. Ons wil dus voorstel dat jy minstens 'n paar hiervan op jou wenslys plaas.

Oral waar daar in Suid-Afrika, eintlik Suider-Afrika, by die platorand op- of afgegaan word is daar passe. Dink maar onder andere aan Magoëbaskloof in Limpopo, Van Reenenspas tussen die Vrystaat en KwaZulu-Natal, Barklypas in die Oos-Kaap, Outeniquapas in die Wes-Kaap, Spektakelpas in die Noord-Kaap en nog en nog.

As jy dus sou belangstel om 'n paslys van passe vir jousef saam te stel, beperk jousef in 'n sekere mate tot 'n enkele gebied, byvoorbeeld Suid-Kaapse passe. Begin en lees meer oor dié passe en hul geskiedenis. Boeke wat oor hierdie streek aanbeveel kan word, is *Passes & Poorts* van Marion Whitehead en *The romance of Cape mountain passes* van Graham Ross. Ja, jy het by die eerste titel reg gelees: poorte is dikwels ook deurgangsröetes by bergreekse. Die bekendste voorbeeld is sekerlik Meiringspoort tussen Klaarwater en George.

Bron: [https://af.wikipedia.org/wiki/Lys\\_van\\_bergpasse\\_in\\_Suid-Afrika](https://af.wikipedia.org/wiki/Lys_van_bergpasse_in_Suid-Afrika)



## Bain & Bain

Geen bespreking oor passe in Suid-Afrika is volledig as daar nie ook oor Andrew Geddes Bain (vader) en Thomas Bain (seun) gepraat word nie. Hulle was besondere pasbouers en het verskeie passe in die suidelike deel van ons land gebou.

Lees meer oor hulle by die volgende adresse:

Vader: [https://af.wikipedia.org/wiki/Andrew\\_Geddes\\_Bain](https://af.wikipedia.org/wiki/Andrew_Geddes_Bain)

Seun: [https://af.wikipedia.org/wiki/Thomas\\_Bain](https://af.wikipedia.org/wiki/Thomas_Bain)



JannyDjan Akademie is sedert 2019 'n akteur-, model- en skoonheidskompetisie-opleidingsentrum in Potchefstroom. Die akteursopleiding-gedeelte het in Mei 2022 begin saam met Conejito Productions. Ons bied opleiding aan op 'n internasionale standaard en het tans ongeveer 80 modelle en akteurs (in verskillende vlakke van opleiding) en dan ook nog ons reeds-opgeleide modelle.

Van ons modelle en akteurs is ingeskryf by agentskappe in Johannesburg. Hulle benodig gereeld foto's. Ons werk ook saam met verskeie kliënte met kommersiële modelwerk. Ons ander afdeling, JannyDjan Events, bied verskeie geleenthede aan soos modeparades, winkelsentrum-geleenthede en die Face of Potchefstroom-kompetisie. Ons beplan om van volgende jaar af 'n groot mode-, skoonheids- en gesondheids-geleentheid aan te bied.

Ons volume fotografiese werk is te veel vir net een of twee fotografe. Verder benodig ons ook spesialis-fotografe in verskeie velde, waaronder produkfotografie, geleentheidsfotografie, akteurs-“head shots”, model-profielfoto's en -portefeuljes, en modefoto's. Ons verwelkom dit altyd om saam met amateur- en deeltydse fotografe te werk vir ondervinding vir beide partye en om beide partye se portefeuljes uit te bou.

Ons gee 'n maandelikse nuusbrief uit waarin ons die foto's van die maand publiseer, saam met elke fotograaf se logo. Almal met wie ons saamwerk se logo's word ook op ons webtuiste geplaas, asook die verskillende modelle se portefeuljes. Ons gee aan almal erkenning op ons sosiale mediablaai.

Ons sosiale mediablaai is die volgende:

Facebook, Instagram en Tiktok: @jannydjanmodels

Facebook en Instagram: @jannydjanacting

Webtuiste: [www.jannydjan.com](http://www.jannydjan.com)

Indien enige belangstel om met ons saam te werk of meer uit te vind oor wat ons doen, kontak Janet Potgieter by 060 540 2009 of by [office@jannydjan.com](mailto:office@jannydjan.com).



# PROMOSIEARTIKEL

JannyDjan Akademie – Janet Potgieter

Foto: Shutter Up Studios  
Klere: Amigo's, Potchefstroom.  
Model: Hope (JannyDjanModels)




Foto en grimering: Maria de Vos  
Model: Sharon (JannyDjanModels)

# FOTO- *idees*

Idee 1: Skep tekstuur waar daar nie tekstuur is nie

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 2: Besoek 'n ou gebou en fotografeer die afgeskilferde mure.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 3: Kyk tussen mense rond vir interessante teksture.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 4: Jou tuin is vol plantteksture – benut dit vir foto's.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 5: Wolke is dalk nie tekstuur nie; of dalk is dit. Benut dit wel.

*TowerLantern Fotografie*  
- oktober 2022 -